# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "...Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 2 Desember 1995 Vol. 11

## AFSê VAN GELOOF

Aan die einde en begin van 'n jaar is dit gebruiklik in die GKSA dat katkisante belydenis van hulle geloof aflê. By baie kerke is daar 'n tendens by die kinders, wat hulle geloof bely het, om daarna so vir 'n halwe dekade of meer "kerklik" weg te raak. Natuurlik is daar baie uitsonderings, maar daar sal goed gekyk moet word na die onderliggende oorsaak van hierdie simptoom dat kinders miskien te maklik hulle belydenis aflê. As mens die kerklike meelewing van baie jong lidmate as wyser vat, lyk dit meer na 'n geloofs-"afsegging" as na 'n belydenisaflegging.

### Geloofswerke

Daar is verskeie probleme wat aanleiding gee tot hierdie onverantwoordelike belydenisaflegging. Die eerste vraag wat gevra moet word: verstaan ons nog dat geloof ook uit dade blyk. Tereg is een van die hoekstene van die reformasie: deur geloof alleen. Eensydige beklemtoning hiervan lei egter tot allerhande uitwasse, soos kinders wat voor God en die gemeente lieg oor hulle geloof, wat hulle mondelings bely dat hulle het, maar wat in hulle dade skynbaar afwesig is. Een voorbeeld hiervan is erediensbywoning, ook van die tweede diens. Hoeveel kerkrade is bereid om kinders nie toe te laat om belydenis af te lê weens swak meelewing? Watter geloof kan bely word as daar in die dade maar min daarvan blyk? (Jak. 2:14-26)

### Ouderdom

'n Tweede groot oorsaak van die probleem is die skoolagtige aanpak van katkisasie. Dit het by baie ouers en kinder die idee gevestig dat mens "katkisasie slaag" soos op skool, net deur 'n sekere hoeveelheid kennis te hê. Dit word as van selfsprekend geag om byvoorbeeld aan die begin van standerd nege belydenis af te lê, ongeag of die kennis van God ook in dade sigbaar is.

### Toerusting

Hoeveel kennis het die kinders as hulle belydenis aflê? Is hulle toegerus vir hulle dienswerk in die amp van die gelowige? Hier is duidelik 'n bose sirkel aan die ontwikkel: swak doop-katkisante word swak belydende lidmate. In hoeveel gevalle moet omtrent weer dadelik met die tug begin word, net nadat die belydenis afgelê is?

### Bedienaar van die Woord

Die drie besondere ampte staan baie skuldig in hierdie opsig. Die bedienaar van die Woord neem gewoonlik die belydenisklas waar, terwyl die jonger kinders aan ander bereidwilliges afgestaan word. Kategese is egter amptelike Woordbediening - nie net aan die belydenisklas nie. Die ouderlinge behoort liefdevol te waak oor die predikant se program dat hy met sake van sy eie amp besig is, en nie met allerhande

***In hierdie uitgawe:***


- ⋆ Die Afsê van Belydenis ............ 1
- ⋆ Skrifoordenking: Die enigste troos ..................... 2
- ⋆ Die Wit Teologie .................... 7
- ⋆ Boekresensie: Gesalf met die Heilige Gees ... 11
- ⋆ Gereformeerde Persvereniging Veritas ......................... 12

tydrowendhede wat by die ander ampte hoort nie. Ampsindringing werk ook negatief op die kategese in.

### Ouderling

Die ouderlinge moet weer ernstig word oor die reikwydte van die verbond. Die verbondsbelofte by die doop word verbreek as ouers nie toesien dat hulle kinders in die vrese van die Here opgevoed word nie. Opvoeding, toerusting, vermaning en uiteindelik tug by verharding moet ten opsigte van kinderkategese gedoen word. Die stand van swak kategese is die ouderlinge se skuld, omdat dit enkel en alleen maar dui op swak toesighouding oor die leer en lewe van lidmate.

Tans is daar 'n groot leemte, omdat kerklike kategese die huiskategese (wat iets anders is) heeltemal verdring het. Ouers dink blykbaar dat dit hulle taak is om te kyk of die kinders hulle "werk ken". Daar is egter veel meer op die spel. Die bose kringloop moet gebreek word. Daar het 'n geslag lidmate gekom wat nie noodwendig goed gekatkiseer is nie - en dit slaan oral uit. Baie ongereformeerde denke en praktyke kan teruggevoer na hierdie oorsprong: onvoldoende kategese.

### Diaken

Iets wat bykans totaal afwesig is, is die betrokkenheid van die diaken by die kategese. Dit is ook 'n groot oorsaak waarom die amp van die gelowige so erg verval het: die diaken leer die dooplidmate nie wat die amp behels nie. As hierin 'n reformasie intree, naamlik dat die diakens besef dat God hulle roep om ook die dooplidmate toe te rus tot barmhartigheidsdiens, in die amp van gelowige, gaan dit wonderlike gevolge vir die kerke inhou. Ons mag nie net bely dat God sy gemeente toerus deur die besondere ampte nie, maar ons dade spreek van die teendeel. Sulke geloof is dood, en niks werd nie. Die selfstandigheid van die diaken amp moet gerespekteer word. Diakens moet toegelaat word om die kinders op hulle eie unieke manier toe te rus.

### Amp van die gelowige

As mens swak wegspring gaan soveel tyd verlore. Belydenisaflegging mag nie meer belydenisafsegging wees nie. Hieroor moet die gemeentes tot bekering kom, omdat baie heiraan skludig is. Reformasie van die besondere ampte sal lei tot die seënvolle ontplooiing van die amp van die gelowige. Waar belydenis afgelê word, word dit voor God en die gemeente gedoen. Kan elke lidmaat met 'n rein gewete voor God verklaar dat die waarheid gepraat word? Is dit nie liefdeloos om iemand toe te laat om God so skreiend te belieg nie? Belydenis van geloof gaan oor die waarheid in Christus - daarom mag die leuen in leer en lewe nie geduld word nie. Geloof kom in dade na vore - ook hoe belydenisafleggings aangehoor word.

**A.L.A. Buys**

*****

**Skrifoordenking:**

## Lofsang op die Enigste Troos

**Dr. R.H. Bremner**

(Dit is met leedwese dat ons hiermee daaraan terugdink dat dr. Bremner, in lewe van Enschede, Nederland, ons in die afgelope jaar ontval het. Mag sy naasbestaandes, en u almal, vertroos word deur die ware troos waarvan in hierdie oordenking geskryf word.)

**Jes 40: 1-11; Rom 8: 31-39.**
**Sondag 1, Heidelbergse Kategismus**

Hoe kom ons eintlik aan die Kategismus? Wel, dit is 'n boeiende verhaal. Omstreeks 1560 wou Frederik III. keurvors van die Palts in Sentraal-Duitsland, aan sy onderdane 'n boekie beskikbaar stel waarin die christelike gereformeerde geloof kortliks, helder en duidelik uiteengesit word - 'n boekie wat elkeen sou kon verstaan. Dit moes nie 'n geskrif net vir geleerdes wees nie, maar ook vir eenvoudige mense; nie net vir volwassenes nie, maar ook vir kinders.

Hy gee toe opdrag aan twee teoloë, Caspar Olevianus en Zacharias Ursinus, om so 'n boekie saam te stel. Dit was vir albei manne 'n groot verantwoordelikheid - die een was nog maar 26 jaar oud, die ander een 28. Hulle het hul taak met toewyding aangepak. Hul uitgangspunt was dat elkeen die drie hoofsake van die

christelike geloof moet ken. In die eerste plek: wat 'n mens moet glo. Dit staan in die twaalf artikels van die geloof, in die apostoliese geloofsbelydenis. In die tweede plek moet elkeen weet hoe hy God moet dien: Dit staan in die tien gebooie. En in die derde plek moet elkeen weet hoe hy tot God moet bid. Dit het Christus ons in die Onse Vader geleer.

Toe voer die twee jong manne 'n meesterlike greep uit. Hulle sit die drie hoofsake van die geloof in 'n pragtige skema uiteen: kennis van ons ellende, van ons verlossing en van ons dankbaarheid. Hulle het die skema ontleen aan die brief van die apostel Paulus aan die Romeine. Die brief bestaan immers ook uit drie dele. In hoofstuk 1 tot 3 beskryf die apostel ons sonde en ellende. In hoofstuk 4 tot 11 het hy dit oor ons verlossing deur Christus en van Romeinde 12 tot die einde hou hy aan ons die dankbaarheid voor wat ons aan God verskuldig is. Elkeen kon dit begryp en dit het tot elkeen gespreek. Ursinus en Olevianus het verder die boekie in 52 afdelings ingedeel, sodat die hele inhoud van die boekie in een jaar se preke behandel kon word.

Toe kry die twee jong manne 'n verdere inspirasie: hulle plaas die skema van ellende, verlossing en dankbaarheid in die raamwerk van kennis van ons enigste troos in lewe en in sterwe. Hierdie enigste troos omspan dus die hele boekie. Ek leer die troos ken deur die drie onderdele van ellende, verlossing en dankbaarheid. So vervul was hulle deur die vastheid van die enigste troos, dat hulle van die eerste Sondagsafdeling, waarin hulle die enigste troos saamgevat het, 'n hele loflied maak. Na hierdie loflied wil ons nou luister.

## Die loflied op die Enigste Troos

Dit omvat drie punte:
1. Christus het my gekoop
2. Christus bewaar my
3. Christus skenk my die ewige lewe

1. Die Kategismus is in vraag- en antwoordvorm geskryf. Het u al ooit daaroor nagedink? Dit is omdat die volwassene in die kerk hier praat met die kind.. Hy stel die vrae. 'n Mens sou kon sê met vrae en antwoorde neem die volwasse kerklid die kind in die kerk by die hand. Hy lei hom rond in die wêreld van God en sy diens. So word die kind vertroud gemaak met die asemrowendwe wêreld van God.

U belydenis doen dit al sommer in die eerste vraag en antwoord oor die enigste troos in lewe en in sterwe. Spreek hierdie vraag net die kind in die kerk aan? Spreek dit nie ook vir my en u aan in die direkte konfrontasie met die enigste troos nie? Moet ons nie almal aangespreek word oor die belofte en die skatte van die Koninkryk van die hemele nie? Wie die koninkryk van God nie soos 'n kind ontvang nie, sal daar geensins binnegaan nie, sê die Here Jesus in Markus 10 vers 15.

Kyk tog hoe lei u belydenis die kind hier 'n wêreld binne van ontsagwekkende werklikhede! Dink maar na oor die eerste sin van antwoord 1. U verklaar daarin dat u met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, die eiendom is, nie van uself nie, maar van u troue Heiland, Jesus Christus. Stuk vir stuk is dit sake wat u menswees tot in die klokhuis van u siel raak. U word hier aangespreek op u menswees in hierdie wêreld. As mens wat eet en drink en uitgaan en geniet van die lewe op hierdie aarde onder die son. Nee, dit is maar een kant van my menswees. Daar is ook 'n ander kant. Ek is as mens 'n lewende siel, ek het 'n siel. Dit reik bo my liggaamlike bestaan uit. Die lewe is nie net eet en drink, slaap en trou en kinders hê nie. Daar is iets in die mens se lewe wat ver hierbo uitstyg. Dit besef elke mens baie deeglik.

So word ek aangespreek: op my menswees, in die totaliteit van my bestaan, as liggaam en siel. Ja, en dan praat u belydenis ook al dadelik van lewe en sterwe. Ons volwassenes weet dit ook. Dat ons eenmaal moet sterwe, gaan dwarsdeur ons lewe met ons mee. Dit is nie maar iets wat eendag kom, die laaste bittere oomblik van die eintlike dood nie; die dood vergesel ons as iets wat ons permanent bedreig.

Daar is kinders wie se vader of moeder reeds gesterf het en wat al heel jonk met die dood gekonfronteer is. Ons volwassenes weet: ons kan so maklik 'n kwaal opdoen wat ongeneeslik is. 'n Ongeluk kan jou so maklik op straat oorkom. Jy kan binne oomblikke deur 'n hartaanval uit die lewe weggeruk word.

In hierdie wêreld van lewe en sterwe lei u belydenis u binne. Maar dit openbaar ook

iets heel anders in hierdie wêreld van lewe en sterwe. Daar is 'n troue Heiland. Hy neem jou aan die hand. Hy hou jou vas in lewe en in sterwe. Dit laat hierdie eerste antwoord jou ook sien. Daarvan spreek die Kategismus in hierdie en die volgende 51 Sondae.

Watter wonderlike dinge vertel hierdie eerste antwoord van u Heiland! Hy is u TROUE Heiland, sê hierdie eerste antwoord. Dit was hy al toe hy in Bethlehem gebore is - sommer in 'n stal. Hy was dit al toe Maria hom in doeke toegedraai het en in 'n krip neergelê het. Toe al verklaar 'n engel dat die REDDER, die HEILAND, Christus die Here, in die stad van Dawid gebore is. Is dit nie een van die asemrowende dinge wat die Kategismus sê as hy praat van Jesus Christus, u troue Heiland, nie? Daar was 'n kind in die krip wat die seun van God is en engele wat daarom Gods lof sing op die velde van Efrata.

Dit is nog maar die begin van wat oor hierdie troue Heiland gesê sal word. Met vrae en antwoorde onthul u belydenis ook dat hierdie troue Heiland ons gekoop het met sy kosbare bloed. Nie alleen Bethlehem kom hier in die gesigsveld nie, maar ook Golgota! Daar is sonde, sê hierdie antwoord 1, daar is sonde, maar vir hierdie sonde is reeds betaal - met niks minder nie as die kosbare bloed van die Heiland.

Sonde! MY sonde, sê antwoord 1. Maar hierdie sonde was nie altyd daar nie, voeg ons onmiddellik daaraan toe. Dit is ook 'n werklikheid waarvan die Kategismus in die volgende Sondae spreek. Daar was vir die mens 'n paradys vol geluk. Die sonde was nie deel van die oorspronklike skepping nie. Dit was die reine, suiwer wêreld van God in die paradys, waar die mens sonder sonde en volkome gelukkig was. Daarvan kan ons die kinders vertel, en ook hoe ons sonde, MY SONDE, sê die Kategismus heel persoonlik, daardie paradys bederf het.

Dit staan daar in 'n paar woorde: Hy, die Heiland, het vir al my sonde volkome betaal. Ons lees so maklik daaroor heen. Vir baie mense sê dit niks meer nie. Maar elke woord het hier 'n diepe betekenis. AL my sondes, sê antwoord 1. Dit gaan nie maar oor EEN sonde nie. Nee, wat daar in die paradys gebeur het bepaal my hele lewe. Kinders weet al van sonde, volwassenes weet daar baie meer van. Hoe ouer 'n mens word, hoe meer leer mens daarvan ken, hoe meer sien jy ook die diepte van die sonde, die vuilheid en bederf wat jy in jou lewe omdra. Sondekennis stel jou in die skuld voor God.

Nou, vir al die sonde IS volkome betaal. Dit bely u hier. Daar is betaal met die kosbare bloed van Jesus. So neem u belydenis kinders en volwassenes aan die hand en voer hulle mee van Bethlehem na Golgota, na Christus se lyde en sterwe. Daar hang die Heiland tussen hemel en aarde aan 'n kruis. Daar sweet hy bloedsweet onder die toorn van God. Op Golgota swyg die engele. Hulle hou by wyse van spreke hul asem op. Daar swyg selfs God. Sy hand skuif oor die hemel en hy trek 'n donker gordyn voor sy Seun. Daar, op Golgota, praat net een: die Seun van God. Hy roep uit: My God, My God, waarom het u my verlaat? Op Golgota hoor 'n mens nie engele nie. Daar hoor jy net hoe drup die bloed van Christus.

Ons lees tog so maklik oor die woorde: Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes volkome betaal. Maar dink telkens wat die woorde vir u beteken, en gee dit deur aan u kinders.

En nog het u belydenis hiermee nie alles gesê nie. Antwoord 1 gaan verder en die een heerlikheid van Christus se borgtog volg op die ander. Hy het my uit al die mag van die duiwel verlos. So plaas plaas u belydenis hulle al drie vlak by mekaar: ekself met my sonde, my troue Heiland en, derde in die ry, die duiwel, satan, die swart kneg van God. Deur sy toedoen het die paradys verlore gegaan, deur hierdie mensemoordenaar van die begin af, soos Christus self hom noem(Joh. 8 :44). Maar hy is op sy beurt weer deur Christus oorwin. U is van alle - ja, let wel, ALLE - mag van die duiwel verlos.

Dit alles plaas u belydenis onder die beslag van die enigste troos! Dit IS u ewige troos. Troos is 'n eg Bybelse woord. 'n Mens vind dit op baie plekke in die Heilige Skrif. Dink maar aan die woorde uit Jesaja 40 en elders in sy profesie. Die hoofstukke van 40 af word nie verniet Jesaja se troosboek genoem nie. Hoor die magtige inset: Troos, troos my volk, sê julle God. Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is,

dat sy uit die hand van die Here dubbel ontvang het vir al haar sondes. Hierdie tema van die troos van God vir sy volk kom in Jesaja telkens weer terug. Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal ek hulle troos; en julle sal in Jerusalem getroos word, sê die profeet in hoofstuk 66 vers 13.

U verstaan tog wat Jesaja met die troos bedoel? Jerusalem het in puin gelê, die tempel was verwoes. Israel was in ballingskap na Babel weggevoer. Al wat te sien was, was ellende. Nou gee God deur Jesaja sy belofte van terugkeer uit Babel na Jerusalem. Jesaja kan nou, te midde van die verwoeste stad en tempel, verkondig dat God sy volk gaan verlos en laat terugkeer. Was dit nie 'n magtige troos nie?

Ook in die Nuwe Testament vind 'n mens hierdie troosmotief. As Paulus sy tweede brief aan die Korintiërs skryf, begin hy deur God en Vader van ons Here Jesus Christus, te loof, die Vader van barmhartigheid en die God van ontferminge en die God van alle vertroosting (II Kor 1 vers 3). Op die vertroosting deur God se barmhartigheid kom Paulus telkens weer terug. God, wat die nederiges troos, skryf die apostel in 2 Korintiërs 7 vers 6 en 7, het hom getroos deur die koms van Titus. Dit is dieselfde troosmotief as by Jesaja. Sover Paulus kon sien, was daar net lyding en verdrukking. Aan die ander kant het hy geweet dat God met hom is en dit sigbaar en tasbaar maak deur die koms van Titus. God gryp telkens troostend in.

Hoe ryk is die inhoud van die woord "troos" in die Ou en die Nuwe Testament! Ons kan dit nie beter omskryf as wat Ursinus dit self in sy uitleg van die Kategismus gedoen het nie. Hy sê daar in sy "Skatboek": Troos is die oorweging van die verstand, waardeur ons 'n bepaalde iets goeds stel teenoor kwaad. Is dit nie 'n sprekende definisie nie? Jesaja vertroos Israel deur die goeie, die krag van God se belofte, te stel teenoor die kwaad van die ballingskap. Paulus stel die koms van Titus, wat hom kom help, teenoor die moeilike omstandighede waarin hy hom in Korinte bevind. So troos die HERE u ook vandag as u daaraan dink hoe 'n kragtige belofte God u in Christus skenk. Stel dit teenoor die aanvegtinge van die lewe. Die HERE sê: Kyk hoe het Ek teenoor jou sonde en jou skuld die volbragte werk van my geliefde Seun gestel.

Stel hulle maar teenoor mekaar op. Aan die een kant al jou sonde; die heerskappy van die duiwel; die mag van die dood oor jou lewe. Paulus vat dit saam in Romeine 8 vers 18 in die sprekende uitdrukking:die lyding van die teenwoordige tyd. Dit is die donker skaduwees wat oor ons lewe val. En nou God se troos. Christus het vir al my sonde betaal. Hy het my uit die heerskappy van die duiwel verlos. Hy het dood en graf oorwin.Ek mag in geloofsoortuiging dit alles stel teenoor die kwaad waarmee ek deur my sondeval gekonfronteer word.Wat kan die troos dan anders wees as dat ek aan Hom behoort, my troue Heiland. Ek behoort nie aan myself nie, sê hierdie eerste antwoord. Ek behoort aan Christus. Dit is die realiteit van hierdie unieke troos. Hy het my vir hom opgeëis. Ek behoort aan hom wat aan die regterhand van die Vader sit en vir my by God intree. Hy het by my doop al sy hand op my gelê. Ek mag nou my hand in syne lê, want hy het vir my betaal en my gekoop. Niks, waarlik niks, kan ons skei van die liefde van Christus nie, skryf Paulus in Romeine 8 vers 39.

Daar staan ek nou in hierdie wêreld met die enigste troos van Sondag 1 in my hande. Troos is hier nie in die eerste plek 'n gevoelskwessie nie. Dink aan die oorweging van die verstand van Ursinus. Dit wil ook nie sê dat dit 'n kwessie van die verstand is nie. Maar die verstand kom daarby te pas. Ek oorweeg heel rustig en heel nadruklik, in geloof, wat God my in my Heiland skenk. En natuurlik, daarby kan ek nie onbewoë bly nie. Ek is totaal daarby betrokke, van kop tot tone en met huid en haar. Ek behoort aan my Heiland of ek behoort nie aan Hom nie. Ek word met Christus vir ewig behoue of ek gaan sonder hom verlore. Daar is geen ander keuse nie. Dink aan die slot van die eerste brief aan die Korintiërs, hoofstuk 16, vers 22: As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees! Maranata! Dit beteken die Here kom.

2. Christus het my gekoop - dit was die eerste punt uit die loflied op die enigste troos. Maar nou gaan die pragtige loflied verder. Hy bewaar my ook. Dit was die tweede punt in hierdie smeekgebed. Want nou trek die loflied die konklusie daarvan om deur Christus gekoop te wees. Luister maar: Hy bewaar my so dat sonder die wil

van my hemelse Vader geen haar van my hoof kan val, ja selfs so dat alles tot my heil moet dien. Dat God my bewaar, is onlosmaaklik verbind aan die feit dat ek gekoop is en en uit die mag van die duiwel verlos is.

Deurdat Christus die mag van die mensemoordenaar van die begin af verbreek het, is ek nie langer sy, prooi nie. Godsdiens is nie net 'n saak van die hart nie. Die diens van God raak die hele mens. My ganse menswees - nie alleen my siel nie, maar ook my liggaam, is in beslag geneem. Ek mag en ek moet God dien met alles wat ek het en wat ek doen. Vandaar dat die belydenis sê dat Christus my so bewaar dat sonder die wil van my hemelse Vader geen haar van my hoof sal val nie. U belydenis verwys hier na Mattheus 10 en Lukas 21.

Mattheus 10: Dit is waar die 12 apostels uitgestuur is om die evangelie te verkondig in die stede en dorpe van Israel. Die Heiland waarsku dat daar baie gevare sal wees. En wanneer hulle julle vervolg in die een stad, vlug na die ander toe, sê Hy (vers 23). Die dissipels moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Daarop spreek die Heiland die bekende woorde: Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder die Vader nie. En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel. Wees dan nie bevrees nie. Julle is meer werd as baie mossies. Jesus sê hierdie woorde in verband met vervolging, met lyding en met vyandskap vanweë die wêreld. Dit is ook die geval in Lukas 21. Daar gebruik die Heiland hierdie woord in sy groot eskatologiese redevoering, eweneens in verband met vervolging: Wees nie bevrees nie. Ek is daar en die Vader is daar. Julle is onskendbaar en veilig, julle sal nooit uit my hand val nie.

Die loflied van hierdie tweede gedeelte van antwoord 1 klim nog hoër. Ja, vervolg dit, alles moet dien tot my heil. Weer val die noue verband met die Skrifwoord op. Sê Paulus nie in dieselfde Romeine 8 dat alles sal meewerk ten goede vir hulle wat God liefhet en deur hom geroep is nie? Weer gebruik die apostel hierdie woorde in verband met vervolging en nood. In die tyd dreig gevare van alle kante. Mense wat Christus bely, kon sonder meer gevange geneem word. Was dit in Ursinus en Olevianus se tyd anders as in Paulus se tyd? Hulle het alles daarvan geweet. En te midde van die verskriklike werklikheid getuig u belydenis: Wat ookal gebeur, ons is veilig, ons is inskendbaar, want die mag van die bose is gebreek. Nee, ons is nie onkwesbaar nie, dit het die gelowiges maar te goed geweet, maar ons is wel onskendbaar.
Niemand kan ons uit God se Vaderhand ruk nie.

Is dit inderdaad u troos? Leef u uit die wete dat geen haar van ons hoof sal val sonder die wil van die Vader nie? Glo ons dat die stuur van ons lewe nie in ons hande is nie, maar in Christus s'n? Laat Hy u bewaar, wat ookal met u gebeur. Gee u aan hom oor, met liggaam en siel, in lewe en in sterwe.

Ons het gesê: die belydenis het met hierdie woorde veral die oog op tye van vervolging en krisis. So ver is dit vandag nog nie. En tog, watter angel is daar in hierdie wêreld. Vrees vir oorlog, vrees vir die verskriklike wapens waarvan ons hoor, vrees vir 'n wêreldramp soos nog nooit tevore nie. Ook vrees vir siekte en dood. Die welvaart van die moderne tyd het ons lewe veel leefbaarder gemaak. Daarteenoor maak ons gejaagde lewe die leër van pasiënte met liggaamlike of geestelike kwale steeds groter. Watter onrustigheid heers in soveel lewens. Ken u die rus van hierdie unieke troos? Nogeens: sonder die wil van die Vader val daar nie 'n haar van ons hoof nie. Alle dinge moet dien tot my heil. Ons mag bid: Here, gee dat die lofsang vir ons nie net uit woorde bestaan nie maar vir ons 'n werklikheid wees. Laat ons deur u Heilige Gees hierdie lofsang in geloof saam sing.

3. Dit bring ons by die laaste punt. Ek behoort aan Christus; Hy het my met sy bloed gekoop. Dit was die eerste punt. Hy bewaar my in alle nood. Dit was die tweede punt. Nou kom die laaste koeplet. Hy gee aan my deur sy Heilige Gees volkome sekerheid van die ewige lewe en maak my van harte bereid om voortaan vir Hom te lewe.

U belydenis reik hier na die toekoms. Tot hier toe het dit oor die verlede gehandel: die sonde wat ons gedoen het. En ook oor die hede van die verlossing in Christus. Nou word die venster na die toekoms oopgestoot en ons kry 'n uitsig ver oor die horison van hierdie tydelike lewe heen.

Christus verseker my deur die Heilige Gees van die ewige lewe. Daarvan weet die kinders in ons midde ook. Ouma wat onlangs oorlede is, is na die hemel toe. Sy is nou by die Here, dit weet die kinders. Kinders het dikwels 'n heel konkrete en tegelyk ontroerende voorstelling van die hemel. Daarin is hulle ons ouer mense soms voor. Ons probeer oplossings bedink vir allerlei moeilike vrae in verband met die hemel. Kinders sè heel konkreet: die en die is by die Here.

Ja, Christus het my deur sy Heilige Gees sekerheid oor die ewige lewe gegee; hy VERSEKER my deur sy Heilige Gees van die ewige lewe. Hy maak deur sy Heilige Gees sy belofte aangaande die ewige lewe vas in ons harte. Hy verseël in ons harte die geloof dat die laaste woord nie aan die dood gaan nie, maar aan die God van die lewe.

Hoe heerlik praat die Openbaring van Johannes daaroor. Verruklike tonele word daar vir ons onthul. Dink aan die sangers by die see van glas; aan die honderd vier en veertig duisend verseëldes; aan die groot skare wat niemand kan tel nie; aan die nuwe Jerusalem met die goue strate en die pêrelpoorte. Daarvan verseker Christus my. Hy laat ons ons in al die beelde die duursaamheid en die intensiteit van die ewige lewe sien, die nuwe hemel en die nuwe aarde ná Christus se koms.

Hierdie perspektief sit u ook aan die werk. Die unieke troos maak ons nie passief nie. Christus maak my daardeur van harte bereid om voortaan vir Hom te lewe, lui die slot van antwoord 1. Die troos van Sondag 1 is geen pynstiller vir die sterfbed nie. Hande uit die moue, sê u belydenis, en waar daar werk is, gryp dit aan. Daar is soveel werk op soveel terreine as ek maar wil kyk. Ek wil vir hom lewe!

In hierdie eerste Sondag word nog 'n tweede vraag en antwoord voorgehou. Wat moet ek weet om deur hierdie troos gelukkig te lewe en te sterwe, is die vraag. Die antwoord is die drie "onderdele", die drie afdelings waarin die enigste troos in die daaropvolgende Sondae gestel word. Daar is maar net drie. So eenvoudig is dit en tog so onuitspreeklik heerlik. Eerstens, hoe groot my sonde en ellende is. En dan die tweede punt:Hoe ek van al my sonde en ellende verlos word. Wie kan sê hoe groot die lengte en die breedte en die hoogte en diepte van die verlossende liefde van Christus is? Ten laaste: Hoe moet ek God vir so 'n verlossing dank? Hoe voel ons daarin ons tekortkominge! Wat sal ek die Heer vergeld vir al sy weldade aan my? Ek sal die beker van verlossinge opneem en die Naam van die Here aanroep (Psalm 116 vers 11 en 12).

★★★★★

# Die Wit Teologie (Deel 1)

**GJ Kruger**
(Uittreksel uit 'n werkstuk ter voldoening aan die vereistes vir die Th.B-graad, 1991)

Omdat daar byna geen literatuur oor die oorsprong van die Wit Teologie is nie, word 'n historiese oorsig hoofsaaklik aan die hand van Pont gegee.

Die argument word tans deur die Wit Teologie aangevoer dat die Afrikanervolk hier in Suid-Afrika die afstammelinge sou wees van die verlore tien stamme van Israel. "Omdat dit so sou wees, het die Afrikanervolk eintlik niks te vrees nie, want die almagtige God sal nie toelaat dat sy besondere, uitverkore volk hier oorspoel of vernietig word nie." Volgens hom wil dit voorkom of die belangstelling in die sogenaamde Israel-visie (Wit Teologie) toeneem namate die Afrikanervolk al meer onder druk geplaas word, vanweë die geleidelike afskaffing van die apartheidsmaatreëls en die daarmee gepaardgaande integrasie van alle volkere in Suid-Afrika.

Pont sê verder dat die oorsprong van hierdie Israel-visie ver terug in die geskiedenis lê, en saamhang met die feit dat die Wit Teologie nie aanvaar dat die tien stamme van Israel wat in 722 v.C., in die regeringstyd van koning Hoses van Israel, deur koning Salmaneser van Assirië weggevoer is, en sonder nakomelinge in die vergetelheid verdwyn het nie.

In dieselfde hoofstuk in 2 Konings 17:18 staan dit egter duidelik dat "die Here so toornig op Israel geword het dat Hy hulle verwerp het", en ook in 2 Konings 17:23: "Uiteindelik het die Here hulle laat vaar soos hy deur al sy dienaars, die profete, gewaarsku het." (1983-vertaling).

Die Skrif leer dus slegs dat die tien stamme na Assirië weggevoer is, en sê niks van wat verder met Israel gebeur het nie, maar "die moontlike verdere lotgevalle van die tien stamme het baie mense laat nadink, waarskynlik omdat dit moeilik is om te aanvaar dat die Here hulle finaal en onherroeplik vanweë hulle ongehoorsaamheid en sonde verwerp het. Die oudste mededeling dat die tien stamme nie resloos in die heidendom verlore genaan het nie, word in die apokriewe vierde boek van Esra gevind. Daarin word vermeld dat hulle oor die bolope van die Eufraat getrek het na die onbewoonde land met die naam Assaret (4 Esra 13:39-47)."

Omdat hierdie woorde in die apokriewe boek Esra as gesaghebbend aanvaar word, is verskillende teorieë geformuleer wat probeer om 'n antwoord te gee op die vraag: Wat het van die tien stamme geword? "Daar word selfs beweer dat die nasate van die tien stamme die Rooi Indiane van Amerika sou wees, terwyl ander die moontlikheid voorgehou het dat hulle uiteindelik in Japan sou uitgekom het.".

Die opvatting wat egter die grootste aanhang gekry het, is dat die tien stamme die Britse Eilande sou beset het. Die teorie is die eerste maal deur Richard Brothers (1757-1824) uiteengesit in 'n werk wat in 1822 in Londen gepubliseer is: "A Correct Account of the Invasion and Conquest of this Island by Saxons, necessary to be unknown to the English Nation, the Descendants of the greater part of the Ten Tribes."

Brothers se opvatting is deur John Wilson gepropageer wat na 1838 groot moeite gedoen het om Brothers se teorie verder te voer. Wilson het heelwat sukses gehad en selfs ampsdraers van verskillende Engelse kerke vir sy opvattings gewen. Hy het sy uiteensettings in 1844 geoubliseer in 'n boek met die titel: "Our Israelitish Origin, or the British Christians a remnant of the true Israelites."

Geleidelik het die beweging gegroei en in 1872 is die eerste "British-Israel"-kongres in Londen gehou omder die voorsitterskap van biskop Samuel Gobat van die Anglikaanse Kerk. Die beweging het so vinnig uitgebrei dat die British-Israel World Federation in 1919 gestig is. 'n Enorme hoeveelheid lektuur is versprei waarin gepoog is om te bevestig dat die Britte die fisiese afstammelinge van Israel sou wees.

Dit is belangrik om op die essensie van hulle argumente te let om aan te toon op watter merkwaardige gronde die opvatting gebou is. In 1962 is 'n pamflet, British-Israel Identity Truth, hier in Suid-Afrika versprei. Daarin word gestateer dat die woord British afgelei is van die Hebreeuse woorde "berit" (verbond) en "ish" (man). "Consequently all members of the Covenant-Race, all nations that are part of Israel, are included under the title of the Berith-ish, British." Dan word gesê dat die Angele, die Sakse en die Kelte, watr die basiese samestelling van die nasie van die Britse Eilande vorm, die direkte afstammelinge van Israel van ouds is, deur wie God beloof het dat hy sy koninkryk op aarde sou vestig.

As bewyse vir hierdie argument word aangevoer dat die Engelse koning Alfred die Grote in 871 dié waarheid vasgelê het, want in een van sy proklamasies se hy: "Vex thou not ... Strangers in the land, for ye were formerly strangers in die land of the Egyptians."

Daar word ook aangevoer dat Josef van Arimatea in 38 n.C. in Glastonbury die Christelike geloof in die Britse Eilande gevestig het. 'n Sekere F. Haberman beweer selfs dat saam met Josef ook Maria, Marta, Lasarus en nog 'n paar ander na Engeland gekom het en dat Josef in 76 n.C. daar oorlede is.

Haberman verwys ook na 'n eksemplaar van 'n boek "Handelinge van die apostels" in die Turkse argiewe in Konstantinopel wat glo 'n 29e hoofstuk bevat. In die hoofstuk sou dan vertel word van 'n reis wat Paulus ook na Engeland onderneem het waar hy die evangelie sou verkondig het. Baie het Christene geword, maar van daardie Christene sou nie veel oorbly nie, want hulle is omtrent almal uitgewis deur die invallende Angele wat een van die tien verlore stamme van Israel was en eers veel later gekersten sou word. Hoe ook al, die afleiding word konsekwent gemaak dat die Engelse die direkte voortsetting van die tien stamme van Israel is.

Dit is opvallend dat die "British Israelites" met die aanhaling van verskillende tekste uit die Ou Testament probeer aantoon dat die eertydse Britse seemag, sy rykdom as

die sentrum van die destydse "empire" en sy verheffing bo ander volkere die resultaat is van profesieë wat op die tien stamme betrekking sou hê. So sou met die uitspraak van Genesis 22:17 en 24:60 die Britse "empire" bedoel word. "Dit laat die indruk ontstaan dat die 'British Israelites' hulle teorieë gebruik het om 'n soort teologiese basis en regverdiging vir die Engelse 'empire' te kry." (Pont).

Volkekundig gesproke is die teorieë van die British Israelites net so onwaarskynlik, want daar kan nie op 'n bevredigende wyse aangetoon word dat die Kelte, Saksers en Angele uit die ou Nabye Ooste kom en dat hulle in wese Semitiese volke is nie. Taalkundig bestaan daar ook geen verwantskap tussen die taal van bogenoemde volke en die Hebreeuse taal nie. Dit lyk ook baie onwaarskynlik dat die tien stamme in hulle vaderland al kon gelees en geskryf het, maar as hulle dan uiteindelik as Kelte, Saksers en Angele in Engeland aankom, dan kan hulle glad nie meer lees of skryf nie. Pont maak dan die volgende stelling: "Die uitleg dat die woord Saxon byvoorbeeld 'n verbastering van die begrip 'Isaac-sons' sou wees, lyk meer na verbeelding as waarheid."

### Israel-Visie brei uit

Van 1934 af het Herbert W Armstrong die Britse Israel-teorie op ' besondere manier uitgebou. Wie is hierdie Herbert W Armstrong? Hy is die man wat in 1934 die organisasie The Radio Church of God, later genoem Worldwide Church of God gestig het. In dieselfde jaar begin hy in Pasadena in Kalifornië met die glanstydskrif The Plain Truth as reklameblad vir sy siening, en ook met die Ambassador College wat 'n internasionale korrespondensiekursus in "Bybelbegrip" aanbied.

Die tydskrif The Plain Truth, wat wyd gelees word (500 000 lesers net in Suid-Afrika) bring die leer van die Brits-Israelisme as een van sy hooftemas. Daarvolgens het slegs die tweestammeryk uiteindelik die Joodse volk geword. Die tien stamme het verlore geraak totdat hulle uiteindelik in Europa (veral Engeland) en later ook in Amerika ontdek is. Hulle sou dan uit Assirië weswaarts beweeg na Europa. Hieruit moet die oorsprong van dele van die Duitse, Franse, Hollandse en Engelse nasies verklaar word. Name soos Danzig en Danube sou, volgens die siening, duidelik aantoon dat die stam van Dan eens daar gewoon het. Geskiedkundiges wat die geskiedenis van die Europese volkere nagevors het, vind hierdie teorieë egter totaal onjuis en belaglik.

Armstrong het ook 'n groot godsdienstige en finansiële ryk opgebou. Hy was 'n man met baie invloed en was byvoorbeeld bevriend met koning Hoessein van Jordanië. Die Worldwide Church of God het bates van meer as R150 miljoen (lede moet tot 30% van hulle salarisse aan die "kerk" gee). Armstrong se persoonlike salaris was R500 000 per jaar. Hy het onder andere 'n straler van R17 miljoen besit.

Armstrong se opvattinge bring allerlei koddighede mee. Een van die merkwaardigste is dat die Britse vorstehuis die direkte voortsetting van die koningshuis van Dawid sou wees. Dit word dan bewys deur die aanspraak dat die "Stone of Scone", wat in Westminster-abdy onder die troon lê waarop die Engelse vorste gekroon word, dieselfde klip sou wees wat Jakob op 'n keer as kopkussing gebruik het Gen 28:11). Die profeet Jeremia sou glo die klip met 'n geleentheid na Engeland geneem het. Die probleem is egter dat 'n ondersoek aangetoon het dat die Stone of Scone uit Skotse sandsteen bestaan. Die natuurwetenskaplike bevinding het Armstrong egter nie van sy teorie laat afsien nie.

Omdat Armstrong se blad, The Plain Truth, wyd in ons lanf versprei en gelees word en waarskynlik ook bydra om die Israel-visie in Suid-Afrika te propageer, is dit nodig om 'n laaste opmerking oor Armstrong en sy "kerk" te maak.

'n Eertydse volgeling van die Worldwide Church of God, het 'n boek, The Tangled Web, in die VSA gepubliseer, waarin Armstrong, sy tydskrif en sy sekte aan die kaak gestel word. Daarin beweer hy onder andere dat Armstrong 'n alkoholis was, dat hy jare lank bloedskande met sy suster gepleeg het en dat hy 'n sekspervert was. Al hierdie bewerings kon gestaaf word en Armstrong moes dit erken. Sy seun en dogter het hom verlaat en hom in die openbaar veroordeel. Hy is ook van sy vrou Lorna (50 jaar jonger as hy) geskei.

Na die verskyning van The Tangled Web het die Worldwiders se ledetal Amerika skerp afgeneem. Die probleem is egter dat lede van die sekte in Suid-Afrika verbied word om enige buite-kerklike publikasie oor Armstrong te lees.

Dit is nodig om deeglik kennis te neem van Armstrong en sy tydskrif omdat hierdie tydskrif ook in die kringe van die Wit Teologie gebruik word om die Israelteorie te propageer.

## Israel-Visie in Suid-Afrika

Die Wit Teologie in Suid-Afrika is net 'n variasie op die tema van die British Israelites wat na vore gekom het toe aangevoer is dat elkeen van die Europese volke afstammelinge sou wees van een van die tien verlore stamme van Israel. Teenoor die British Israelites se leer dat die Engelssprekende lande die somtotaal van die tien stamme is, sê die Wit Teologie dat die Engelse nasie net een van die tien stamme is. H Swart en andere stel dit so: "Ons Westerse beskawing begin op 'n geheimsinnige wyse met die Germane, Wes-Gote, Hunne, Vandale en andere wat Europa uit die noordooste binnegetrek het, en niemand weet kamtig werklik wie hierdie mense was en waarvandaan hulle regtig gekom het nie. Dit was egter Blankes soos wat die tien stamme van Israel wat in die verstrooing en verborgenheid gegaan het, ook Blankes was. Dit lyk dus voor die hand liggend dat die verlore tien stamme van Israel die voorvaders was van die Duitsers, Hollanders, Franse en Engelse en indirek dan ook van die Blanke Suid-Afrikaners en ander blanke volke in die Nuwe Wêreld. Israel kan dus vandag gesoek word onder die blanke volke van die aarde."

F W C Neser het in hierdie verband reeds in 1956 die Israel-verhaal op Suid-Afrika betrek met die volgende stelling: "God het die room van die Reformasie in die persone van die Geuse en Hugenote na hierdie suidpunt van Donker Afrika gestuur. Hulle is in 1820 aangevul deur die vrome Britse Setlaars. Dit was verwante groepe en almal afkomstig van hierdie Angelsaksies-Keltiese en verwante groepe van wie daar onweerlegbare bewyse bestaan dat hulle die nakomelinge van die sogenaamde Verlore Tien Stamme van Israel is; dus die Verbondsvolk van God, wie se roeping dit was om die kanaal te wees deur wie God Homself aan die wêreld sou openbaar. Ons is dus God se uitverkore volk, nie om voorgetrek te word nie, maar vir diens en seën vir die wereld."

Die bewyse wat die Wit Teologie aanvoer vir hierdie argument is dan veral Jesaja 43:21 en Mattheus 24:9. Die probleem is dat die Wit Teologie 'n teksvers uit die Bybel sonder sy verband aanhaal, want verder in Jesaja, in vers 28, se die Here: Ek het Jakob iets gemaak wat uitgeroei moet word, Israel iets wat bespot moet word (1983-vertaling); en 'n paar verse verder in Mattheus 21, in vers 14, se Jesus: En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies (1953-vertaling). Wanneer die tekste in hulle verband gelees word, is dit duidelik dat die tekste wat die Wit Teologie aanhaal ter ondersteuning van hulle stellings, nie juis hulle stellings bewys nie. Interessantheidshalwe kan daarop gewys word dat ds G W A van der Lingen (1804-1869), die bekende Paarlse predikant uit die vorige eeu, ook al op hierdie sake ingegaan het. Sy biograaf, M C Kitshoff, wys daarop dat Van der Lingen 'n besondere voorliefde gehad het vir die studie en uitleg van die Bybelse profesieë. Dit het tot gevolg gehad dat hy sy studiewerk in 1842 gepubliseer het onder die titel: Aanwysingen betreffende de afkomst van sommige Noordsche volke. Hiermee kan hy beskou word as een van die vroeë woordvoerders van die Israelvisie. Dit bly merkwaardig dat die hedendaagse woordvoerders van die opvatting, sover nagegaan kan word, nooit na hierdie werk terugverwys nie.

Die essensie van die Wit Teologie se argument is dat die blankes van Suid-Afrika, en dan in besonder die Afrikanervolk, God se uitverkore volk is en so die middel waardeur God Homself aan die wêreld gaan openbaar. Dit is merkwaardig dat die koddige opvatting van die negentiende-eeuse Engelsman, Richard Brothers, vandag in ons land aangewend word om die Blankes in Suid-Afrika in hulle omstrede posisie in die wêreld te bemoedig.

*****

**Ons wil ons lesers vriendelik daaraan herinner dat inskrywings op Waarheid en Dwaling jaarliks hernu moet word, tans teen R36 per jaar. Die inskrywingsvorm op bladsy 12 verskaf die nodige besonderhede.**

## Gesalf met die Heilige Gees

Dr. J.G. Meijer

1995
Printburo
Posbus 25316,
Innesdale 0031
Prys R 5-00, 20p.

Hierdie is 'n baie stimulerende boekie oor wat die amp van die gelowige behels. Die skrywer wil die gereformeerdes wys op die volle impliksasies van die feit dat gelowiges met die Heilige Gees gesalf is

### Formeel

Die boek begin deur kortliks 'n terug- en toekomsblik te gee van die bekommerde gereformeerdes. Wat positief gewaardeer word is dat die skrywer nie die negatiewe "bekommerd wees" beklentoon nie, maar eerder die klem positief plaas op die reformeerende gerformeerdes. Die boek het ses dele geskryf naamlik oor gesalfde ampsdraers, die amp van die gelowige en die bestryding van dwaling asook die toerusting van gelowiges in die kerk en koninkryk. Die boek sluit af deur die noodsaak ye stel van reformasie in die krag van geloof en gebed.

### Inhoudelik

Die skrywer toon aan dat die mens' se amp(te) reeds by Adam te vind is. Te reg word uitgewys dat die amp nie versplinyter moet word nie. So 'n versplintering sou byvoorbeeld inhou dat die profetiese amp net met die predikamp te doen het, of die ouderling net met die koningsamp. Die volle mens is betrek by die amp waarin God mense stel - elke gelowige is koning, profeet en priester. Die uitverkore mens word deur Christus herstel tot die drievoudige paradysamp. Insiggewend is die groter en ryker openbaring wat gelowiges van die nuwe verbond het: "Die voorloper van die Here Jesus was 'n groot profeet, maar slegs 'n profeet. Sedert Pinkster is die kleinste in die kerk profeet en priester en koning en blink sodoende in sy of haar posisie bo Johannes uit." (p9).

Daar word baie klem gelê daarop dat geloof uit dade blyk, omdat die amp van die gelowige lewensonvattend is. 'n Tydige waarskuwing klink weer op oor die dwalings waarin die huidige protestantse kerke geval het.

★ Daar is nie aan die kerk die heerskappy oor die konikryk gegee nie. In plaas daarvan dat kerklike vergaderings sekere politieke programme aan die owerhede voorhou, moet die gelowiges eerder hulle amp in al die lewensterreine uitleef. Die dwaling van 'n Roomse kerkbeskouing is altyd teenvoordig waar die amp van die gelowige verdring word: "Domineeskerke verskil derhalwe nie in wese van die Rooms Katolieke Kerk nie". (p13)

★ 'n Tweede dwaling wat aangedui word, waarin verval word as die amp van die gelowige verval is piëtisme. Dit is waar gelowige die dwaling van "raak nie, smaak nie en roer nie aan nie" aanhang. Dit is waar die gelowige sê dat hulle nie van die wêreld is nie, maar so eensydig beklemtoon dat hulle ook nie besef dat hulle in die wêreld is nie.

Die amp van die gelowige moet gestimuleer word deur die prediking. Daar word gevra of teologiese studente gevorm word as werklike toerusters van die lidmate. Huisgodsdiens en bybelstudies moet 'n plek kry in die toerusting van die lidmate. Dit is die roeping van die gelowiges om self moeite daarmee te maak.

'n Vraag wat, ten slotte, baie ernstig opgeneem meot word handel oor nalatigheid wat toelaat dat die amp van die gelowige verval: "Beteken nalatigheid in die ampsdiens nie om die Heilige Gees waarmee hulle gesalf is, te bedroef, te weerstaan en uiteindelik uit te blus nie ?" "Gesalf met die Heilige Gees" is 'n boek wat elke gereformeerde behoort te lees en ter harte te neem. Die amp van die gelowige word inderdaad hierdeur gestimuleer tot voortgaande reformasie.

★★★★★

## Grondslae

*van*

## Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

★ *Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

★ *Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

★ *Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..........

Adres: ..........

..........

..........

Poskode: ..........

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie: ..........

Datum: .......... Handtekening: ..........

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS